



EDW: GRAAD 8
OPSOMMENDE NOTAS

REKENINGKUNDIGE BEGRIPPE



ALLEENHANDELAAR

'n Vorm van eienaarskap, waar net EEN persoon die besigheid besit en bedryf.

Hy is ten volle verantwoordelik vir al die skuld van die besigheid, maar hy neem ook al die wins vir homself.

Diensonderneming:

Lewer 'n diens in ruil vir betaling.

Voorbeelde: Haarkapper / Loodgieter /
Verwer / Bouer / Naeltegnikus /
Motorwerktuigkundige / Tuindienste

Handelsonderneming:

Produkte word teen 'n bepaalde prys verkoop.

Voorbeelde: Supermark / Roomyswinkel
/ Verkope van skoonmaakmiddels,
skryfbehoeftes, handgemaakte produkte.





KAPITAAL

Die geld wat benodig word, om 'n besigheid te begin.

Kapitaal kan op die volgende maniere verkry word:


- Lenings: Geld word by 'n bank / individu geleen.
- Skenkings / Beleggings: Geld word deur vriende / familie / enige ander individu in die besigheid belê.
- Jou eie spaargeld: Jy gebruik jou spaargeld, wat jy reeds tot jou beskikking het.



HULPJOERNALE


'n Besigheid het verskillende joernale om alle transaksies te boekstaaf.

- KOJ: Kontantontvangstejoernaal
- KBJ: Kontantbetalingsjoernaal



Hierdie transaksies word dan na die Algemene Grootboek oorgedra.

INKOMSTE



'n Besigheid kan 'n produk verkoop of 'n diens aan die publiek lewer. Kliënte ontvang dan produkte of 'n diens, in ruil vir geld.

Alle inkomstes, verhoog die eienaarsbelang.

Hoe meer produkte 'n besigheid verkoop, of hoe meer dienste die besigheid lewer, hoe groter sal hul inkomste en die eienaarsbelang wees.



Lopende inkomste:

Geld wat die besigheid verdien, vir dienste wat gelewer is.

Huurinkomste:

Geld wat die besigheid verdien, indien hul 'n perseel wat in hul besit is, uitverhuur word.



In Gr 8, sal ons hoofsaaklik op diensondernemings fokus.




KONTANTONTVANGSTE

Alle bedrae wat deur die besigheid onvang word en wat in die bankrekening van die besigheid. gedeponeer word.

Hierdie transaksies sal in die KOJ (kontantontvangstejoernaal) geboekstaaf word.



UITGAWES



Enige betaling wat gemaak word. Word gewoonlik aangegaan, om produkte en dienste te bekom, sodat jy jou besigheid kan bedryf. Alle uitgawes verlaag die eienaarsbelang.

Huuruitgawe: Geld wat die besigheid betaal om 'n perseel te huur.

Telefoon: Die betaling van die besigheid se telefoonrekening.

Water & Elektrisiteit: Die geld wat maandeliks aan die munisipaliteit betaal word, vir water- en elektrisiteitsvoorsiening.

Salarisse & Lone: Word aan werknemers betaal, om hul te vergoed vir die werk wat hul verrig.

Handelslisensie: Gee toestemming om 'n besigheid te bedryf.

Verbruiksgoedere: Goedere wat gebruik word, sodat 'n diens gelewer kan word, of om die produk te kan maak.

KONTANTBETALINGS

Alle betalings wat deur die besigheid gemaak word. Dus sluit dit alle uitgawes in.

Indien die besigheid 'n tjek uitreik, word dit ook as 'n kontantbetaling beskou.

Hierdie transaksies sal in die KBJ (kontantbetalingsjoernaal) geboekstaaf word.





WINS & VERLIES

Dit word bepaal deur te kyk hoeveel geld oor is, nadat alle betalings gemaak is.

$$\text{Wins} = \text{Inkomste} - \text{Uitgawes}$$

Wins:

- Indien die totale inkomste meer as al die uitgawes is.
- Goed vir die besigheid.
- Verhoog die eienaarsbelang.

Verlies:

- Indien die totale uitgawes meer as die totale inkomste is.
- Aanhoudende verliese sal maak dat die besigheid moet sluit.
- Sleg vir die besigheid.
- Verlaag die eienaarsbelang.



TRANSAKSIE

Vind plaas wanneer geld een van een besigheid / individu na 'n ander party betaal word.


Rekord van al die handeling wat binne die besigheid plaasvind.

Ons gebruik brondokumente, wat as bewyse van die transaksies dien.

BRONDOKUMENTE

Die brondokument dien as 'n bewyse dat 'n betaling gemaak / ontvang is. Elke transaksie moet op 'n brondokument geboekstaaf word.

- Die boekhouer gebruik die brondokumente om die transaksies in die besigheid se joernale te boekstaaf.
- Voorbeelde: Tjeks & Tjekteenblaai / Fakture / Kwitansies / Depositostrokies / Bankstaat






BATES

'n Item of eiendom, wat deur 'n persoon of maatskappy besit word, wat as waardevol beskou word. Hierdie items word oor 'n geruime tydperk gebruik en help die besigheid om wins te kan maak.

- Bates word nie as 'n uitgawe beskou nie.
- Alle bates verhoog die eienaarsbelang.



Vaste- / Tasbare bates:

- Het 'n lang lewensverwagting en gaan nie gou verkoop word nie.
- Dit word aangeskaf om te help om die besigheid te bedryf, en die doel is nie om dit te verkoop om wins daarop te maak nie.
- Voorbeelde: Grond & Geboue; Voertuie; Meubels; Toerusting





Bedryfsbates:

- Kan maklik na kontant omgeskakel word.
- Dit word in die besigheid gebruik en die waarde daarvan verander gereeld.
- Voorbeelde:
Handelsvoorraad; Debiteure (persone wat geld aan die besigheid skuld); Kontant (geld in die besigheid se bankrekening en dit sluit die



EIENAARSBELANG

Hoeveel die eienaar in sy / haar besigheid belangstel. (Ook bekend as, ekwiteit.)






- Die kapitaalbydrae, winste en enige ander bate of inkomste, sal die eienaar se belangstelling in die besigheid verhoog.
- Uitgawes, verliese en laste sal die eienaar se belang in die besigheid verlaag.
- Eienaars kan ook geld uit die besigheid onttrek vir hul eie, persoonlike gebruik. Dit staan dan as 'onttrekkings' bekend. Alhoewel die eienaar hierdie geld in sy persoonlike hoedanigheid ontvang, sal dit die eienaar se belangstelling in die besigheid verlaag, aangesien dit as 'n uitgawe vir die besigheid beskou word.

LASTE

Enige skuld wat die besigheid aangaan.

Geld word geleen om duur items aan te koop. Hierdie lenings moet gewoonlik met rente terugbetaal / afbetaal word.



Korttermynlaste (Bedryfslaste):


Moet binne 12 maande, ten volle, afbetaal word.

Voorbeelde:

- Krediteure: 'n Leweransier by wie die besigheid goedere op skuld aankoop.
- Bankoortrekkings / Oortrokke fasiliteit: Wanneer 'n bank jou toelaat om meer geld te bestee as wat daar in jou rekening is.
- Belasting: Word op jou persoonlike inkomste, of op die besigheid se winste, bereken en word aan SARS (SAID) oorbetaal.

"Life is like accounting – everything must be balanced."

- ANON



Langtermynlaste (Nie-Bedryfslaste): Word oor 'n tydperk, van langer as 12 maande, afbetaal.


Voorbeelde:

- Verbandlening: Sodat 'n besigheidspersoneel (grond & geboue) aangekoop kan word. Dit word gewoonlik oor 10 jaar of meer afbetaal.
- Motorfinansiering: Sodat 'n motor op skuld aangekoop kan word. Dit word gewoonlik oor 5 jaar afbetaal.
- Lenings: Wanneer kontant geleen word. Dit word gewoonlik oor 1 jaar of meer afbetaal.

DEBIET

'n Inskrywing waar die bedrag in die bank of enige bate wat aangekoop word, sal aan die debietkant van die bank rekening aangeteken word.


- Dit word aan die linkerkant van alle T-rekeninge in die grootboek aangeteken.
- Elke debiet sal 'n ooreenstemmende kredietinskrywing hê.



KREDIET

'n Inskrywing waar die bedrag in die bank of enige bate wat verkoop word, minder word.

- Dit word aan die regterkant van alle T-rekeninge in die grootboek aangeteken.






DUBBELINSKRYWINGSBEGINSEL



Vir elke transaksie, moet daar altyd 'n gelyke en ooreenstemmende, debiet- en kredietinskrywing wees.

Voorbeeld: Koop handelsvoorraad. R500



1. Ontvang R700 vir dienste gelewer.

2. Koop 'n gebou van R700 000.



Unauthorised Distribution Disclaimer

Unless otherwise noted, the contents of this documents (worksheet) and the entire attachments, including all text, graphics, icons, hyperlinks, designs, visual material and the arrangement and layout thereof remains the sole property of the author (Me. A Jonker) thereof, and all rights are reserved. Reproduction, distribution without the consent of the author or copying of any material from this study material, in any form whatsoever will constitute a copyright infringement and will result in civil and criminal law penalties. All rights not expressly granted are reserved.



A. Jonker